32. No European shall enter the location without written permission from the local authority but this regulation shall not apply to recognised clergymen, medical practitioners or officials in the exercise of their duty; and no native or coloured person other than a registered occupier, his wife and family, being children under eighteen years of age or unmarried daughters, or the holder of a temporary permit shall be in the location between the hours of 9 p.m. and sunrise except under the written permission of the superintendent.

33. The superintendent may prohibit any entertainment in the location which, from its character, is in his opinion likely to create a disturbance or be a nuisance to the residents. The registered occupier of any site on which such prohibited entertainment takes place, as well as all persons taking part therein, shall be guilty of an offence.

34. Every person who shall obstruct the superintendent or his assistants in the execution of their duty shall be guilty of an offence.

35. Every inhabitant of the location shall have the right to appeal to the Magistrate against any action of the location superintendent or other official of the local authority charged with the administration of the regulations. After due enquiry, at which the location superintendent or official of the local authority shall be entitled to be heard in support of his action, the magistrate shall be empowered to order such location superintendent or official of the local authority to grant the appelland facilities under the regulations if he is of opinion that such have been unreasonably withheld.

36. "Magistrate" shall for the purposes of these regulations include a native commissioner.

No. 96.]

[2 Julie 1935.

Kennis geskied hiermee dat dit die Waarnemende Administrateur behaag het, ooreenkomstig Artikel *twintig* van "De Municipale Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 22 van 1920), soos gewysig deur Artikel *twee-en-tagtig* van "De Municipale Wijziging Proklamatie 1922" (Proklamasie No. 1 van 1922), om die skraping van regulasie No. 76 van die Dreineringsregulasies van die Munisipaliteit van Windhoek uitgevaardig onder Goewermentskennisgewing No. 208 van die 24ste Oktober 1930 en die vervanging daarvan deur die volgende regulasie goed te keur:—

No. 96.]

[2nd July, 1935.

It is hereby notified that the Deputy Administrator has been pleased, under section *twenty* of the Municipal Proclamation, 1920 (Proclamation No. 22 of 1920), as amended by section *eighty-two* of the Municipal Amendment Proclamation, 1922 (Proclamation No. 1 of 1922), to approve of the deletion of regulation No. 76 of the Drainage Regulations for the Municipality of Windhoek, promulgated under Government Notice No. 208 of the 24th October, 1930, and the substitution therefor of the following regulation:—

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

DREINERINGSREGULASIES: WYSIGING VAN.

"76. Al die dreineringsplanne moet opgetrek word deur 'n bevoegde ingenieur, landmeter, argitek of tekenaar; met die verstande egter dat, na ontvangs van 'n aansoek, die stadsingenieur planne in ooreenstemming met hierdie regulasies kan optrek. In hierdie geval sal die tarief vir sodanige planne as volg wees:—

Vir elke gebou wat nie meer as £1000 gewaardeer is nie . . . . .	£2 2 0
Vir elke gebou wat meer as £1000 maar nie meer as £2500 gewaardeer is nie . . . . .	£3 3 0
Vir elke gebou wat meer as £2500 maar nie meer as £5000 gewaardeer is nie . . . . .	£5 5 0
Daarna vir elke gebou wat meer as £5000 gewaardeer is — £55.0, plus £11.0 vir elke bykomende £1000 van die waarde van sodanige gebou of enige gedeelte daarvan.	

Wanneer 'n eenaar twee of meer eiendomme het, wat 'n gekombineerde riool vir verbinding met die dreinerings gebruik, moet die raad die totale waardering van al hierdie eiendomme as basis gebruik vir die koste van die plan, wat opgetrek moet word."

No. 97.] [4 Julie 1935.

VEESIEKTES: BASILLIESE WIT DIAREE EN HOENDERTIEFUS IN PLUIMVEE.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om, kragtens en onder die bevoegdheids aan hom verleen ooreenkomstig artikel twee van "De Veesiektes Proklamasie, 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920), te verklaar dat die siektes bekend as Basilliese Wit Diaree en Hoendertiefus in pluimvee, insluitende mak hoenders, kalkoene, ganse, eende, tarentale en duive, is en word hierby verklaar siektes vir die doeleindes van Proklamasie No. 28 van 1920 en enige regulasie wat daaronder opgetrek is, boonop die lys van siektes wat in die bovermelde artikel uiteengesit is, te wees.

No. 98.] [4 Julie 1935.

INVOER VAN PLUIMVEE IN SUIDWES-AFRIKA.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om kragtens en onder die bevoegdheids aan hom verleen ooreenkomstig artikels vier en drie-en-twintig van "De Veesiektes Proklamasie, 1920" (Proklamasie No. 28 van 1920), die regulasies te maak wat uiteengesit is in die bylae van hierdie kennisgewing vir die invoer in Suidwes-Afrika van pluimvee, insluitende mak hoenders, kalkoene, ganse, eende, tarentale en duive.

BYLAE.

1. Alle pluimvee wat na Suidwes-Afrika ingevoer word moet vergesel wees van 'n sertifikaat uitgereik deur 'n bevoegde Goewermentsamptenaar van die land van oorsprong, waarin gesê word dat die pluimvee behoortlik getoets en vry van Basilliese Wit Diaree, Tuberkulose, en Hoendertiefus bevind is.

2. Alle pluimvee wat na Suidwes-Afrika van oorsee ingevoer word moet geland word in Walvisbaai of 'n ander goedgekeurde invoerhawe, en sal alleen toegelaat word na hulle aan boord skip deur 'n Goewermentsveerarts, of 'n ander persoon deur die Hoofveearts daartoe afgevaardig, geïnspekteer is en deur hom gesond gevind, en vergesel is van die nodige gesondheids-sertifikate.

No. 99.] [4 Julie 1935.

HUWELIKSAMPTENAAR: BENOEMING TOT.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel vyf, subartikel (2) van "De Huweliksvoltrekkings Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 31 van 1920), die benoeming van Eerwaarde JOHANNES HENDRIK STEENKAMP van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Warmbad, tot Huweliksamptenaar vir Suidwes-Afrika goed te keur, ingaande vanaf 2 Julie 1935.

No. 100.] [4 Julie 1935.

SKUT TE WARMBAD: SLUITING VAN.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel twee van Proklamasie No. 5 van 1917, die sluiting van die Skut te Warmbad, ingaande vanaf 15 Julie 1935, goed te keur.

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

DRAINAGE REGULATIONS: AMENDMENT OF.

"76. All drainage plans must be prepared by a competent engineer, surveyor, architect or draughtsman; provided, however, that on receipt of an application the Town Engineer may prepare plans in accordance with these regulations, in which case the scale of charges for such plans shall be as under:—

For each building valued at not more than £1000 . . . . .	£2 2 0
For each building exceeding £1000 in value but not exceeding £2500 . . . . .	£3 3 0
For each building exceeding £2500 in value, but not exceeding £5000 . . . . .	£5 5 0
Thereafter for each building exceeding £5000 in value — £55.0, plus £11.0 for every additional £1000 of the valuation of such building or any fraction thereof.	

Where an owner has two or more properties using a combined drain for connection to the sewer, the Council shall take the total valuation of all these properties as a basis of the charges for the plan to be prepared."

No. 97.] [4th July, 1935.

STOCK DISEASES: BACILLARY WHITE DIARRHOEA AND FOWL TYPHOID IN POULTRY.

The Deputy Administrator has, under and by virtue of the powers in him vested by section two of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920), been pleased to declare that the diseases known as Bacillary White Diarrhoea and Fowl Typhoid in poultry, including domestic fowls, turkeys, geese, ducks, guineafowls and pigeons, shall be and are hereby declared to be diseases for the purpose of Proclamation No. 28 of 1920 and any regulation made thereunder, in addition to the list of diseases specified in the abovementioned section.

No. 98.] [4th July, 1935.

INTRODUCTION OF POULTRY INTO SOUTH WEST AFRICA.

The Deputy Administrator has, under and by virtue of the powers in him vested by sections four and twenty-three of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920), been pleased to make the regulations, set forth in the Schedule to this notice, for the introduction into South West Africa of poultry, including domestic fowls, turkeys, geese, ducks, guineafowls and pigeons.

SCHEDULE.

1. All poultry to be imported into South West Africa shall be accompanied by a certificate issued by a competent Government Official of the country of origin stating that they have been subjected to the appropriate tests and have been found to be free from Bacillary White Diarrhoea, Tuberculosis and Fowl Typhoid.

2. All poultry to be imported into South West Africa from overseas shall be landed at Walvis Bay or other approved port of entry, but only after they have been inspected on board ship by a Government Veterinary Officer, or other person deputed thereto by the Senior Veterinary Officer, and found to be healthy and accompanied by the necessary health certificates.

No. 99.] [4th July, 1935.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Deputy Administrator has been pleased, in terms of section five, sub-section (2) of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend JOHANNES HENDRIK STEENKAMP of the Dutch Reformed Church, Warmbad, as a Marriage Officer for South West Africa, with effect from the 2nd July, 1935.

No. 100.] [4th July, 1935.

POUND AT WARMBAD: DISESTABLISHMENT OF.

The Deputy Administrator has been pleased, in terms of section two of Proclamation No. 5 of 1917, to authorise the disestablishment of the Pound at Warmbad, with effect from the 15th July, 1935.

No. 101.]

[4 Julie 1935.

No. 101.]

[4th July, 1935.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om die aanstelling van Mnr. CONRAD SELZER as 'n Registrasie Amptenaar vir die doel, om die magte uit te oefen en die pligte te vervul wat aan Registrasie Amptenare aangewys is ingevolge die regulasies onder die bepaling van "De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamatie, 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924), opgetrek ten opsigte van die geproklameerde gebied van Gobabis, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 21 gedagteken die vierde dag van Februarie 1935, goed te keur.

The Deputy Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. CONRAD SELZER, as a Registering Officer, for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of Gobabis, as published under Government Notice No. 21 dated the fourth day of February, 1935.

No. 102.]

[5 Julie 1935.

No. 102.]

[5th July, 1935.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *tien* van Ordonnansie No. 11 van 1933, die "Sigarette en Sigarettabak Verkoopsbelasting Ordonnansie 1933", genoem, die volgende regulasie te maak:—

The Deputy Administrator has been pleased, in terms of section *ten* of Ordinance No. 11 of 1933, entitled the Cigarettes and Cigarette Tobacco Sales Tax Ordinance, 1933, to make the following regulation:—

Regulasie No. 3 van die Regulasies onder Goewermentskennisgewing No. 58, gedagteken die sestiende dag van April 1935, gepubliseer, en die bylae van genoemde Regulasies, word hierby herroep.

Regulation No. 3 of the Regulations published under Government Notice No. 58, dated the sixteenth day of April, 1935, and the annexure to the said Regulations, are hereby repealed.

No. 103.]

[8 Julie 1935.

No. 103.]

[8th July, 1935.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat die Waarnemende Administrateur die tersyde stelling van die gebied, bepaal in die bylae hiervan, as 'n lokasie deur die stedelike plaaslike bestuur van Gobabis ingevolge subartikel (1) van artikel *een* van "De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamatie 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924) goedgekeur het.

It is hereby notified for general information that the Deputy Administrator has approved, in terms of sub-section (1) of Section *one* of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), of the setting apart by the Urban Local Authority of Gobabis as a Location, of the area defined in the schedule hereto.

#### BYLAE.

#### BEPALING VAN DIE GEBIED, GERESERVEER AS LOKASIE, GELEË BINNE DIE DORP EN DORPSGRONDE NO. 74 VAN GOBABIS, DISTRIK GOBABIS.

Die lokasie omvat 'n gebied wat 26 hektare 71 are 01 vierkant meters groot is, 'n vierkantige vorm het en binne Deel B van die dorp en dorpsgronde No. 74 van Gobabis, suid van die dorpsgebied van Gobabis geleë is.

Die noordoostelike hoekbaken gemerk 1862 is opgerig op 'n punt 578.59 meters vanaf en ongeveer Suid-suid-oos (331° 02' 45") van die suidoostelike hoekbaken van Erf No. 34 in die dorpsgebied van Gobabis.

Die grense van die lokasie is soos hierna omskrywe:—

Vanaf die noordoostelike hoekbaken 1862, opgerig soos bovermeld, verder ongeveer Suid-suid-ooswaarts (327° 40' 50") in 'n reguit lyn vir 'n afstand van 600.02 meters na die suidoostelike hoekbaken 1863, daarvandaan ongeveer Wes-suidweswaarts (66° 34' 17") in 'n reguit lyn vir 'n afstand van 644.73 meters na die suidwestelike hoekbaken 1864, daarvandaan ongeveer noordwaarts (181° 20' 34") in 'n reguit lyn vir 'n afstand van 601.22 meters na die noordwestelike hoekbaken 1861, daarvandaan ongeveer oos-noord-ooswaarts (237° 41' 04") in 'n reguit lyn vir 'n afstand van 303.74 meters na die noordoostelike hoekbaken 1862, d.w.s. die uitgangspunt.

Die oppervlakte van die lokasie is opgemeet en die vier hoekpunte is op die grond deur ysterpenne in die grond ingeplant met stapels van klippe en grond een meter hoog oor en rondom sodanige penne as senter gebou, aangedui.

#### SCHEDULE.

#### DEFINITION OF THE AREA RESERVED AS A LOCATION SITUATE WITHIN THE GOBABIS TOWN AND TOWNLANDS NO. 74, DISTRICT GOBABIS.

The location comprises an area of 26 hectares, 71 ares, 01 square metres in extent, being a quadrilateral figure situate within Portion B of the Gobabis Town and Townlands No. 74 to the south of the township of Gobabis.

The north-eastern corner beacon, numbered 1862, is erected at a point 578.59 metres from and approximately south-south-east (331° 02' 45") of the south-eastern corner beacon of Erf No. 34 in the township of Gobabis.

The boundaries of the location are as hereinafter defined:—

Commencing at the north-eastern corner beacon 1862, erected as herein previously described, and proceeding approximately south-south-eastwards (327° 40' 50") in a straight line for a distance of 600.02 metres to the south-eastern corner beacon 1863, thence approximately west-south-westwards (66° 34' 17") in a straight line for a distance of 644.73 metres to the south-western corner beacon 1864, thence approximately northwards (181° 20' 34") in a straight line for a distance of 601.22 metres to the north-western corner beacon 1861, thence approximately east-north-eastwards (237° 41' 04") in a straight line for a distance of 303.74 metres to the north-eastern corner beacon 1862, being the point of beginning.

The area of the location is surveyed and the four corner points are marked on the ground by iron pegs sunk into the ground with cairns of stones and earth built one metre high over and around such pegs as centres.

No. 104.]

[8 Julie 1935.

No. 104.]

[8th July, 1935.

#### DORPSBESTUURSRAADSGEBIED GROOTFONTEIN.

Dit het die Waarnemende Administrateur behaag om, op grond van en kragtens die magte aan hom verleen deur artikel *drie* van "De Dorpsbestuursraden Proklamatie 1925" (Proklamasie No. 2 van 1925), soos gewysig deur artikel *twee* van die Dorpsbestuursrade Wysigings-Ordonnansie 1926 (Ordonnansie No. 8 van 1926), die volgende regulasies, wat binne die Dorpsbestuursraadsgebied Grootfontein van krag en in werking sal wees, goed te keur:—

#### VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA, GROOTFONTEIN.

The Deputy Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by Section *three* of the Village Management Boards Proclamation, 1925 (Proclamation No. 2 of 1925), as amended by Section *two* of the Village Management Boards Amendment Ordinance, 1926 (Ordinance No. 8 of 1926), to make the following regulations to be of force and effect within the Village Management Board Area of Grootfontein:—

#### CEMETERY REGULATIONS.

1. In these Regulations, unless inconsistent with the context—

"Raad" die Dorpsbestuursraad van Grootfontein;

"Kerkhof" enige deel grond, wat deur die Raad vir die begrafnis van lyke afgesonder is;

"Sekretaris" die persoon, wat van tyd tot tyd sodanige betrekking beklee of in sodanige hoedanigheid in verband met die Raad optree, of sy gevolmagtigde assistent of plaasvervanger;

"Superintendent" die beampste, wat deur die Raad as Superintendent van Kerkhove aangestel is, of sy gevolmagtigde assistent of plaasvervanger

"Board" means the Village Management Board of Grootfontein;

"Cemetery" means any portion of land set apart by the Board for the purpose of the interment of human bodies;

"Secretary" means the person from time to time holding appointment as such or acting in such capacity in connection with the Board, or his authorised assistant or deputy;

"Superintendent" means the official appointed by the Board as Superintendent of Cemeteries, or his authorised assistant or deputy.

2. Die Raad moet geskikte streke grond afsonder vir die doel om voorsiening te maak vir afsonderlike kerkhove vir die begrafnis van lyke van blankes en van lyke van gekleurde en naturelle persone. Daar mag geen sodanige begrafnis binne die gebied onder die jurisdiksie van die Raad, toegelaat word nie behalwe op 'n kerkhof.

3. Elke Kerkhof of sodanige deel daarvan, wat in gebruik is, moet behoorlik omhein wees met geskikte mure, traliewerk of heinings terwyl sodanige weë en paaië, as nodig is, daarin gemaak en onderhou moet word.

4. Die Raad moet in elke kerkhof grond afsonder ten einde dit in persele te verdeel en hy kan die uitsluitlike reg om in een of meer van sodanige persele te begraawe aan enigeen verkoop onderworpe aan betaling van die fooie, wat hierna voorgeskryf word en aan die regulasies, wat op die oomblik van krag is. Die grootte van elke perseel moet drie meters, negentig sentimeters (3.90 meters) lank by drie meters, twintig sentimeters (3.20 meters) breed wees. Daar mag nie vir meer as twee graftes op enige perseel voorsiening gemaak word nie.

5. Die orige gedeelte van enige deel van elke Kerkhof, wat bestem is vir begrafnisdoeleindes, moet verdeel word in grafuimtes en begravnisse daarin is onderhewig aan die betaling van die fooie, wat hierna voorgeskryf word en aan die regulasies wat op die oomblik van krag is. Sodanige grafuimtes moet vir die teraardebestelling van die lyk van 'n persoon, wat meer as 12 jare oud is, minstens drie meters, vyftig sentimeters (3.50 meters) lank by een meter, vyf-en-negentig sentimeters (1.95 meters) breed wees en vir die teraardebestelling van die lyk van 'n persoon, wat onder 12 jare oud is, minstens twee meters, vyftig sentimeters (2.50 meters) lank by een meter, vyftig sentimeters (1.50 meters) breed wees.

6. Persele en grafuimtes moet, sover as omstandighede dit toelaat, in numerieke orde toegeken word.

7. Die eiendomsreg op grond, hetsy persele of grafuimtes en of daarin begrawe is aldan nie, berus by die Raad.

8. Wanneer die alleenreg om in enige perseel te begraawe aan enigeen verkoop word, moet 'n sertifikaat van verkoping in die vorm, wat in Bylae "A" hiervan uiteengesit word, aan sodanige persoon uitgereik word. Geen sodanige reg mag deur die koper aan enigeen behalwe 'n lid van sy familie verkoop of oorgedra word nie. Daar mag geen lyk behalwe die lyk van 'n lid van die familie daarin begrawe word nie sonder dat die skriftelike toestemming van die Raad vooraf verkry is.

9. Daar mag geen graf op enige perseel gegrawe word nie, tensy die skriftelike toestemming van die koper van die alleenreg om op sodanige perseel te begraawe aan die Sekretaris voorgelê is toe kennis van die teraardebestelling gegee is soos bepaal deur Regulasie 14 hiervan.

10. (a) Elke graf op 'n grafuimte, hetsy op 'n gereserveerde perseel aldan nie, moet in die middel van sodanige grafuimte gegrawe word en geen doodkis mag op enige perseel of grafuimte op sodanige wyse begrawe word nie dat die kante van sodanige doodkis nader as sestig (60) sentimeters aan enige ander doodkis is, wat vantevore in enige aangrensende perseel of grafuimte begrawe is.

(b) Geen grafuimte, hetsy op 'n gereserveerde perseel aldan nie, mag sonder die skriftelike toestemming van die Raad meer as een doodkis bevat nie.

11. Elke graf moet minstens een meter, tagtig sentimeters (1.80 meters) diep wees en die boonste gedeelte van elke doodkis moet minstens een meter twintig sentimeters (1.20 meters) van die gewone oppervlakte van die grond wees, behalwe in die geval van 'n graf wat bedoel is vir die lyk van 'n kind wat onder 12 jare oud is. Dit moet minstens een meter, vyftig sentimeters (1.50 meters) diep wees en die boonste gedeelte van die doodkis daarin moet minstens een meter, tien sentimeters (1.10 meters) van die gewone oppervlakte van die grond wees.

12. Geen grafkelder en geen graf van baksteen mag in enige deel van 'n Kerkhof sonder die skriftelike toestemming van die Raad, wat vooraf verkry is, gemaak word nie. Daar mag geen teraardebestelling in enige grafkelder of graf van baksteen plaasvind nie behalwe onder die voorwaarde dat die graf onmiddellik na die teraardebestelling met grond opgeval word. Die bepalinge van Regulasie 11 hiervan in verband met die diepte van doodkiste onder die oppervlakte van die grond moet in elke geval van toepassing wees.

13. Geen doodkis of lyk mag opgegrawe word nie sonder die toestemming van die Administrateur en die Raad, wat vooraf verkry is, behalwe in die geval waar 'n opgraving deur die bevoegde gesag vir geregtelike doeleindes gelas word. Enige persoon, wat gemagtig is om 'n doodkis of lyk op te grawe, moet al sodanige voorskrifte ten opsigte van die opgraving en herbegravnisse daarvan nakom, wat deur

2. The Board shall set apart suitable areas of land for the purpose of providing separate cemeteries for the interment of bodies of Europeans and of bodies of Coloured and Native persons; and no such interment shall be permitted within the area under the jurisdiction of the Board except in a cemetery.

3. Every Cemetery, or such portion thereof as shall be in use, shall be properly enclosed with sufficient walls, rails or fences, and such roads and paths shall be made and maintained therein as may be necessary.

4. The Board shall reserve land in every Cemetery for sub-division into plots, and may sell to any person the exclusive right of burial in one or more of such plots, subject to the payment of the fees hereinafter prescribed and to the regulations for the time being in force. The size of each plot shall be three metres, ninety centimetres (3.90 metres) long by three metres, twenty centimetres (3.20 metres) wide. Not more than two graves shall be provided in any plot.

5. The remainder of any portion of every cemetery intended for burial purposes shall be sub-divided into grave spaces, and burials therein shall be subject to the payment of the fees hereinafter prescribed and to the regulations for the time being in force. Such grave spaces shall measure for the burial of the body of a person over 12 years of age not less than three metres, fifty centimetres (3.50 metres) long by one metre ninety-five centimetres (1.95 metres) wide, and for the burial of the body of a person under 12 years of age not less than two metres, fifty centimetres (2.50 metres) long by one metre fifty centimetres (1.50 metres) wide.

6. Plots and grave spaces shall be allotted in their numerical order in so far as circumstances permit.

7. The ownership of land, whether of plots or of grave spaces, and whether or not interments shall have taken place therein, shall remain vested in the Board.

8. Whenever the exclusive right of burial in any plot shall be sold to any person, a certificate of sale in the form set forth in Schedule "A" hereto shall be issued to such person. No such right shall be sold or transferred by the purchaser to any person other than a member of his family, nor shall the interment therein take place of the body of any person other than a member of the family save with the consent in writing of the Board first obtained.

9. No grave shall be dug in any plot unless the written consent of the purchaser of the exclusive right of burial in such plot shall have been produced to the Secretary at the time of the giving of the notice of the interment as required by Regulation 14 hereof.

10. (a) Every grave in a grave space, whether in a reserved plot or not, shall be dug in the middle of such grave space, and no coffin shall be buried in any plot or grave space so that the sides of such coffin are nearer than sixty (60) centimetres to any other coffin previously buried in any adjoining plot or grave space.

(b) No grave space, whether in a reserved plot or not, shall without the written consent of the Board contain more than one coffin.

11. Every grave shall be at least one metre, eighty centimetres (1.80 metres) deep and the top of every coffin shall be at least one metre twenty centimetres (1.20 metres) from the ordinary surface of the ground, except that a grave intended for the body of a child under 12 years of age shall be at least one metre fifty centimetres (1.50 metres) deep and the top of the coffin therein shall be at least one metre ten centimetres (1.10 metres) from the ordinary surface of the ground.

12. No vault and no brick grave shall be constructed in any part of a cemetery without the consent in writing of the Board first obtained, and no burial in any vault or brick grave shall take place except on the condition that immediately after interment the grave shall be filled up with earth. The provisions of Regulation 11 hereof regarding the depth of coffins below the surface of the ground shall in every case apply.

13. No coffin or body shall be exhumed without the consent of the Administrator and of the Board being first obtained, except when an exhumation for judicial purposes is ordered by competent authority.

Any person authorised to exhume a coffin or body shall observe all such directions in regard to the exhumation and

of ten behoeve van die Administrateur en die Raad of deur 'n ander bevoegde gesag neergelê mag word, soos die geval mag wees.

14. Van elke voorgenome begrafnis moet die Sekretaris, wanneer doenlik, minstens 12 ure voor die tyd, wat vir sodanige begrafnis bepaal is, skriftelik in kennis gestel word. Sodanige kennisgewing moet in die vorm wees, wat in Bylae "B" hiervan uiteengesit is. Geen kennisgewing van begrafnis mag aangeneem word nie, tensy die voormelde kennisgewing vergesel is van 'n Begrafnisbrief wat behoorlik deur 'n Registrateur van Geboortes en Sterfgevallen of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger of assistent of deur 'n magistraat uitgereik is. Elke sodanige kennisgewing moet vergesel wees van die begrafnisfooi, soos bepaal in Bylae "C" hiervan. Daar mag geen graf gegrawe word en geen begrafnis plaasvind nie sonder dat die skriftelike toestemming van die Sekretaris vooraf verkry is. Sodanige toestemming moet aan die Superintendent, opsigter of ander persoon, wat asdan toesig hou oor die Kerkhof, oorhandig word.

15. Geen tralie, heining, ketting of ander dergelike oprigting mag in enige gedeelte van die Kerkhof geplaas en geen boom daarin geplant word nie sonder die skriftelike toestemming van die Raad, wat vooraf verkry is.

16. 'n Voldoende tekening en spesifikasie of 'n beskrywing van elke grafkelder, graf van baksteen, grafsteen, monument, tralie, heining, ketting of ander struktuur, wat iemand voornemens is om in 'n Kerkhof op te rig, moet vir sy goedkeuring aan die Raad voorgelê word en dit mag deur die Raad in bewaring gehou word totdat die werk voltooi is. Geen sodanige werk mag begin word nie, voordat die Raad die tekening, spesifikasie of beskrywing skriftelik goedgekeur het. Geen afwyking van die tekening en spesifikasie of beskrywing mag gemaak word nie behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad.

17. Elke graf en enige grafsteen, monument, tralie, heining, ketting of ander oprigting daarop moet in goeie orde en staat van reparasie deur die eienaar daarvan gehou word. Wanneer dit uit orde is, moet die eienaar of sy verteenwoordiger daarvan in kennis gestel en versoek word om die nodige reparasies uit te voer. As hy versuim om dit binne 12 maande vanaf die datum van die kennisgewing te doen, mag die Raad die reparasies op koste van die eienaar uitvoer. As die eienaar nie opgespoor kan word nie, kan die reparasies op koste van die Raad uitgevoer word, met die verstande, dat, as die eienaar te eniger tyd daarna gevind word, hy die koste daarvan moet betaal.

18. Niemand mag klippe kap of werksaamhede van enige ander aard in 'n kerkhof of by die ingangsplekke daarvan verrig nie sonder die skriftelike toestemming van die Raad en onder sodanige voorwaardes as hy mag bepaal. Wanneer sodanige goedkeuring verleen is, moet daar dadelik met die werk 'n begin gemaak word en dit moet op 'n sorgvuldige wyse voortgesit word, totdat dit voltooi is. As daar enige onnodige vertraging by die voltooiing daarvan plaasvind of in enige opsig versuim word om aan die voorwaardes te voldoen, wat opgelê is, kan die Raad die toestemming, wat ten opsigte daarvan verleen is, terugtrek.

19. Lykbesorgers en hulle bediendes en al die ander persone, wat op die Kerkhof werk, moet onder die beheer van die Superintendent of van die opsigter of ander persoon staan, wat asdan toesig hou oor die Kerkhof.

20. Geen werksman mag in 'n Kerkhof bly nie na die werkure wat deur die Raad vasgestel is. Geen gereedskap, wa, kar, kruiwa, vragwa of ander voertuig mag langer in 'n Kerkhof bly nie as wat nodig is vir die gebruik of die op- of aflaai daarvan, soos die geval mag wees, en geen voertuig mag in 'n Kerkhof omgedraai word nie behalwe op die plekke wat vir daardie doel ingerig is.

21. Elke Kerkhof moet op elke dag van die week gedurende sodanige ure, as die Raad moet bepaal, vir die publiek oop wees. Besoekers mag alleen deur die toegangshekke in- en uitgaan. Hulle moet op die voetpaadjies bly en nie oor enige perseel of graf loop nie. Die Superintendent, opsigter of ander persoon, wat op die oomblik toesig hou oor enige Kerkhof, mag enige persoon wat hom daarin skuldig maak aan enige oproerige, wanordelike of andersins onbehoorlike gedrag verwyder. Hulle mag enige persoon belet om enige gedeelte daarvan te betree, waartoe die toegang belet is of om enige sodanige Kerkhof anders binne te gaan of te verlaat as deur 'n hek.

22. Niemand mag—

- (a) enige blom pluk of enige boom, bossie of ander plant, hetsy wild of gekweek, binne 'n Kerkhof verwyder, vernietig of beskadig of die grond onder en rondom dit verwyder of versteur nie;
- (b) enige dier in 'n Kerkhof bring nie;
- (c) enige kinderwaentjie of fiets in 'n Kerkhof bring nie;

re-interment thereof as may be given by or on behalf of the Administrator and the Board or by other competent authority, as the case may be.

14. Notice of every intended interment shall be given to the Secretary in writing, whenever practicable not less than 12 hours previous to the time fixed for such interment, and such notice shall be in the form set forth in Schedule "B" hereto. No notice of interment shall be accepted unless the said notice be accompanied by a Burial Order duly issued by a Registrar of Births and Deaths or by his duly authorised deputy or assistant or by a Magistrate. Every such notice shall be accompanied by the interment fee as specified in Schedule "C" hereto. No grave shall be dug and no interment shall take place without the written order of the Secretary being first obtained, and such order shall be delivered to the Superintendent, care-taker or other person in charge for the time being of the cemetery.

15. No rail, fence, chain or other like erection shall be placed and no tree shall be planted in any part of a cemetery without the consent of the Board, in writing, first obtained.

16. A sufficient drawing and specification or a description of every vault, brick grave, tombstone, monument, rail, fence, chain or other structure proposed to be erected in a cemetery shall be submitted to the Board for its approval and may be retained by it until the completion of the work. No such work shall be commenced until the Board shall have approved in writing of the drawing and specification or description, and no deviation from the drawing and specification or description shall be made save with the written consent of the Board.

17. Every grave and any tombstone, monument, rail, fence, chain or other erection thereon shall be kept in good order and repair by the owner thereof. Whenever the same shall be out of repair, the owner or his representative shall be notified thereof and required to execute the necessary repairs, and on failure by him to do so within 12 months of the date of notice, the repairs may be effected by the Board at the owner's expense. If the owner cannot be found, the repairs may be done at the Board's expense; provided that if the owner is at any time subsequently found, he shall pay the expenses thereof.

18. No hewing or dressing of stone or operations of any other kind shall be carried out in a cemetery or in the approaches thereto except with the approval in writing of the Board and subject to such conditions as it may impose. When such approval has been given, the work shall be forthwith commenced and shall be diligently carried on until the same shall be completed; and if there shall be any unreasonable delay in completing the same or any failure to comply with the conditions imposed, the Board may withdraw the permission given in respect thereof.

19. Undertakers and their servants and all other persons working in a cemetery shall be subject to the control of the Superintendent, care-taker or other person in charge for the time being of the cemetery.

20. No workman shall remain in a cemetery after the working hours fixed by the Board. No plant, and no waggon, cart, wheel-barrow, truck or other vehicle shall remain in a cemetery longer than shall be necessary for its use or for loading or unloading, as the case may be, nor shall any vehicle be turned in a cemetery except on the places constructed for that purpose.

21. Every cemetery shall be open to the public on every day of the week during such hours as the Board shall determine. Visitors shall enter and depart only by the entrance gates, and shall confine themselves to the roads and paths and shall not pass on to any plot or grave.

The Superintendent, caretaker or other person in charge for the time being of any cemetery may remove from such cemetery any person who is guilty of any riotous, disorderly or otherwise improper conduct therein, and may prevent any person from entering any portion thereof to which entrance is prohibited or from entering or departing from such cemetery otherwise than by a gate.

22. No person shall—

- (a) pluck any flower or remove, destroy or damage any tree, shrub or other plant, whether wild or cultivated, within a cemetery or remove or disturb the soil under or about the same;
- (b) bring any animal into a cemetery;
- (c) bring any perambulator or bicycle into a cemetery;

- (d) mense in die Kerkhof lastig val vir bestellings of sake van watter soort ook al in 'n Kerkhof doen nie;
- (e) enige fooi aan enige beampte of bediende van die Raad vir of in verband met sy dienste met betrekking tot 'n Kerkhof gee nie.

- (d) solicit orders or transact business of any kind whatever within a cemetery;
- (e) give any gratuity to any official or servant of the Board for or in relation to his services in connection with a cemetery.

23. Klein kinders mag nie in 'n Kerkhof toegelaat word nie behalwe wanneer hulle in geselskap van 'n ouer of voog of ander verantwoordelike persoon is.

23. Small children shall not be allowed in a cemetery except in the company of a parent or guardian or other responsible person.

24. (a) Die koste en gelde ten opsigte van ander dan natuurlike en gekleurde teraardebestellings aan die Raad betaalbaar moet volgens die tarief wees wat in Bylae "C" hiervan bepaal word.

24. (a) The charges and fees in respect of other than native and coloured burials payable to the Board shall be in accordance with the tariff set forth in schedule "C" hereto.

(b) Grafte in die kerkhof vir natuurlike en gekleurde persone moet deur of ten behoeve van die natuurlike of gekleurde applikante binne die natuurlike kerkhof gegrawe word op 'n plek wat aan die applikante deur die Dorpsbestuursraad toegeken is, behalwe dat 'n fooi van tien sjielings (10/-) deur die werkgewer aan die Raad betaalbaar is ten opsigte van teraardebestellings van natuurlike of gekleurde persone in diens, ten tyde van hul dood, van enige Myn, Nywerheid of die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens in welke geval die graf deur die Raad ten behoeve van sodanige Myn, Nywerheid of die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens gegrawe word.

(b) Graves in the Cemetery for native and coloured persons shall be dug by or on behalf of the native or coloured applicants within the native cemetery on a site which has been allotted to the applicants by the Village Management Board, except that a fee of ten shillings (10/-) shall be payable by the employer to the Board in respect of the burials of native or coloured persons in the employ, at the date of death, of any Mine, Industry or the South African Railways and Harbours when the grave is dug by the Board on behalf of such Mine, Industry or the South African Railways and Harbours.

25. Die binnekoms in 'n Kerkhof van enige lykwa of ander voertuig, wat 'n lyk bevat, of enige kar, koets of ander voertuig of enige gesaalde perd, is belet behalwe in buitengewone gevalle waar die Superintendent, opsigter of ander persoon, wat asdan toesig hou oor die Kerkhof, sy toestemming daartoe gee. In sodanige gevalle, waar toestemming gegee word, moet hulle orders nagekom word.

25. The entry into any cemetery of any hearse or other vehicle containing a corpse, or of any cart, carriage, or other vehicle or of any saddle horse, is forbidden save in exceptional cases where permission may be granted by the Superintendent, care-taker or other person in charge for the time being of the cemetery, whose directions in such cases, when permission is granted, shall be obeyed.

Die bepalings van hierdie regulasie word nie geag van toepassing te wees nie op die vervoer van roudraers en predikante per moter na 'n kapel in 'n Kerkhof.

The provisions of this regulation shall not be deemed to prohibit the conveying in motor cars of mourners and ministers of religion to a chapel in a cemetery.

26. Onder geen omstandighede mag 'n hond binne enige Kerkhof toegelaat word nie. Enige hond, wat binne 'n Kerkhof gevind word, kan doodgemaak word. Die eienaar van enige hond, wat aldus gevind word, of die persoon, wat toesig daaroor het, is skuldig aan 'n oortreding.

26. No dog shall on any account be admitted into any cemetery, and any dog found within a cemetery may be destroyed. The owner or the person having the custody of any dog so found shall be guilty of an offence.

27. Die Raad of enige van sy gemagtigde amptenare het die wettige reg om enige dier, wat binne 'n Kerkhof rondloop, op te sluit en te skut. Die eienaar of persoon, wat toesig hou oor enige dier, wat aldus gevind word, is skuldig aan 'n oortreding.

27. It shall be lawful for any animal found straying in a cemetery to be detained and impounded by the Board or any of its authorised officers. The owner or person having the custody of any animal so found shall be guilty of an offence.

28. Enige persoon, wat enige bepalings van hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond en by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

28. Any person who shall contravene any of the provisions of these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds and in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months.

BYLAE "A".

SCHEDULE "A".

DORPSBESTUURSRAAD VAN GROOTFONTEIN.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF GROOTFONTEIN.

SERTIFIKAAT-VORM VIR AANKOOP VAN ALLEENREG OP BEGRAFNIS OP 'N PERSEEL.

FORM OF CERTIFICATE OF PURCHASE OF EXCLUSIVE RIGHT OF BURIAL IN A PLOT.

Hiermee word gesertifiseer dat ..... die geregistreerde koper is van die alleenreg op begrafnis op perseel No. .... van Blok No. .... in die Kerkhof van ..... vir blankes onderhewig aan die regulasies in verband met voormelde Kerkhof.

This is to certify that ..... is the registered purchaser of the exclusive right of burial in Plot No. .... of Block No. .... in the ..... Cemetery for Europeans subject to the regulations relating to the said Cemetery.

Sekretaris.

Secretary.

Datum .....

Date .....

BYLAE "B".

SCHEDULE "B".

DORPSBESTUURSRAAD VAN GROOTFONTEIN.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF GROOTFONTEIN.

KENNISGEWINGSVORM INSAKE TERAARDEBESTELLING.

FORM OF NOTICE OF INTERMENT.

Naam van oorledene (voluit) ..... (moet in blokletters geskryf word).  
 Geslag ..... Ouderdom .....  
 Laaste woonplek .....  
 Oorsaak van dood .....

Name of Deceased (in full) ..... (To be written in block letters).  
 Sex ..... Age .....  
 Late residence .....  
 Cause of Death .....

Datum van dood ..... 19.... Tyd ..... v.m.  
n.m.  
Deur wie gesertifiseer .....  
Begrawe te word ..... 19.... Tyd ..... v.m.  
n.m.  
x { Lyk vervoer te word van (plek) .....  
Na kapel in kerkhof te ..... om ..... v.m.  
n.m.  
